**DIE *e*CINDI-PROGRAM VIR VOLDOENING AAN KODES 600/806 EN 700/807 VAN DIE PROGRAM VIR SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING**

## 1 KODE 600/806

Ten einde aan die gees en letter van die bepalings te voldoen, word die volgende voorwaardes gestel vir SEB-doeleindes:

- **Tyd van betrokkenheid**

‘n Nuwe besigheid benodig ongeveer vyf jaar om in ’n volhoubare besigheid te ontwikkel. Daarom moet die ondersteunende besigheid ooreenkom om vir ten minste vyf jaar finansiële ondersteuning aan die sentrum vir kleuteronderwys te voorsien.

- **Tipe ondersteuning**

Die ondersteuning moet voorsien word aan die hand van ’n vyfjaar-rollende besigheidsplan ten einde seker te maak dat die doel binne 5 jaar bereik word. Die besigheidsplan word deur Education Expert voorsien, wat die onder andere die volgende dienste insluit en die verwerwing van die volgende bevoegdhede nastreef: die aflewering van die eCindi-program wat bestaan uit 4 lesse/dag, 5 dae/week en 32 weke/jaar sowel as die opleiding van die relevante personeel van die sentrum vir kleuteronderwys ter verwerwing van die SAKO-geakkrediteerde vlak 2-kursus bedoel vir Opvoeders vir Vroeë Kinderontwikkeling. Die opleiding moet ook die verwerwing van basiese besigheidsvaardighede nastreef, byvoorbeeld die ontwikkeling van ’n strategiese plan en besigheidsplan, begrotingsbeplanning en –beheer, prysbepaling, bemarking, kliënteverhoudings en implementering van dienste. Die opleiding sal veral deur middel van ‘begeleiding’ en “mentoring” afgelewer word.

Die ondersteunende besigheid kan die finansiële ondersteuning aan die einde van ’n kalenderjaar onttrek, met opgaaf van redes.

- **Plek van betrokkenheid**

Die ondersteunende besigheid moet bepaalde klein besighede vir swartes (insluitende bruin) kan identifiseer/aandui waar die ondersteuning gelewer word. Daarom word bepaalde groepe as sentrums vir kleuteronderwys, wat by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geregistreer is, van swart (insluitende bruin) vroue aan ondersteunende besighede toegeken.

## 2 KODE 700/807

Ten minste 75% van die projekte moet op die spesifieke voordeel van die swart (insluitende bruin) gemeenskap gemik wees. In die geval van die eCindi-program is onderwys ’n erkende projek van SEB en swart kleuters is die enigste bevoordeeldes van die program. Pre-primêre onderwys word ook allerweë erken as een van die belangrike boustene vir ’n suksesvolle samelewing.